21.9 RAPPORT DEPUTATE VERTALING VAN BELYDENISSKRIFTE, FORMULIERE EN GEBED (Artt 96, 328)

DIE OPENLIKE VERKLARING

A. Die Rapport word as gestel beskou.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 2.
C. Ds L du P van der Vyver rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 2.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

(Acta, 2006:605)

"Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse: Die Openlike Verklaring word saam met die Beskrywingspunt na Studiedeputate verwys om dit in die lig van punte 1 en 2 hierbo te ondersoek en soos nodig te herformuleer en aan die volgende Sinode hieroor terug te rapporteer".

Besluit: Kennis geneem.

2. Interpretasie van opdrag

2.1 Uit punt 2.1 (Acta:605) blyk dit dat die Sinode meen dat 'n bestudering en herformulering van die Openlike Verklaring sinvol kan wees.

2.2 Uit punt 2.2 (Acta:605) blyk dit verder dat die noodsaaklikheid van die wysigings aan die Openlike Verklaring kerkregtelik en kerkhistories aangedui moet word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Kerkhistories

3.1 Die Christelike Gereformeerde Kerk het by die Sinode van Zwölle in 1854 'n Openlike Verklaring opgestel. Die afgevaardigdes na kerklike vergaderings het deur die openlike verklaring hulle instemming met die Gereformeerde leer, diens en tug betoon. Twee historiese faktore het hiertoe aanleiding gegee:

'n Verskeidenheid van kerke en kerkgenootskappe het in die tyd in die Nederlande begin ontstaan. Die Christelike Gereformeerde Kerk, wat in 1834 afgeskei het van die Nederlandse Hervormde Kerk, moes daarom sy eie identiteit omskryf.

Die Christelike Gereformeerde Kerk het gereageer teen die kerkbegrip wat in die Nederlandse Hervormde Kerk onder invloed van die Verligting ontstaan het. Hiervolgens is die kerk gesien as 'n vereniging van persone met gemeenskaplike doelstellings wat besluite op 'n meerderheidsgrondslag neem (vgl Spoelstra 1989:283, Bos, 1950:189). Die Christelike Gereformeerdes wou deur die openlike verklaring beklemtoon dat die kerk nie 'n gewone genootskap van mense is nie, maar dat dit funksioneer op die grondslag van Skrif, Belydenis en Kerkorde.

Die Christelike Gereformeerde Kerk wou 'n vrye Gereformeerde Kerk wees ooreenkomstig die leer, diens en tug van die Sinode van Dordt. Die Openlike Verklaring het hierdie grondslag van die Christelike Gereformeerde Kerk beklemtoon, en afgevaardigdes na kerklike vergaderings aan hierdie grondslag gebind (vgl Spoelstra, 1963:182). Ds Dirk Postma was afkomstig vanuit die Christelike Gereformeerde Kerk en het op die GKSA Sinode van 1862 voorgestel dat 'n Openlike Verklaring voorgelees moet word by die konstituering van die vergadering (GKSA, 1862:art 12). In hierdie Openlike Verklaring het die Sinode sy instemming betuig met die Drie Formuliere van Eenheid, die Dordtse Kerkorde van 1618,1619 en die liturgie van die Gereformeerde Kerk in Nederland. Die verklaring het ook alle kerke wat die Dordtse leer, diens en kerkregering aanvaar uitgenooi tot korrespondensie en kerklike gemeenskap met die GKSA (GKSA, 1862:art 12). Die Sinode van 1863 (art 9) het besluit om die Openlike Verklaring te herformuleer. Die herformulering bevat 'n uitdruklike verwysing na die

Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls as die drie formuliere van Eenheid. Geen wesentlike inhoudelike veranderings is egter aangebring nie. Die Sinode van 1894 (art 3) het besluit dat Algemene (Partikuliere Sinodes) self moet besluit of die Openlike Verklaring met die konstituering voorgelees sal word, al dan nie. Die Openlike Verklaring is in opdrag van die Sinode van 1913 (art 87) in Afrikaans vertaal, en sedertdien onveranderd gehandhaaf.

'n Hersiening van die taal van die Openlike Verklaring kan kerkhistories gesproke nodig wees, omdat die huidige verklaring bykans 'n eeu lank in gebruik is, en die Afrikaanse taal sedertdien bepaalde veranderings ondergaan het. Die Openlike Verklaring bevat in sy huidige vorm verskeie argaïsmes en toutologiese begrippe wat aangespreek behoort te word. Die sinskonstruksies is soms lank en lomp en kan meer eenvoudig gestel word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Kerkregtelike oorwegings

4.1 Die doel van die Openlike Verklaring is dat die afgevaardigdes deur hulle instemming met die verklaring hulle geloofsbriewe formeel onderskryf (Handleiding by die Kerkorde, 1966). Die Openlike Verklaring bevat dus nie 'n mandaat wat deur die gekonstitueerde vergadering voorgeskryf word nie, maar wel 'n mandaat wat op die vergadering self saamgestel word (vgl Spoelstra, 1989:211).

Die funksie van die openlike verklaring is drieërlei:

Eerstens omskryf dit die kode en orde waarvolgens kerklike sake in kerklike vergaderings gehanteer word. Sodanige omskrywing is noodsaaklik vir die ordelike funksionering van die kerk en kerklike vergaderings (1 Kor 14:40, art 86).

Tweedens dien die Openlike Verklaring kerklike eenheid deur Gereformeerdes se eenheid in leer, diens en tug te omskryf, en alle kerke wat dieselfde grondslag onderskryf uit te nooi tot korrespondensie en daadwerklike eenheid.

Derdens het die Openlike Verklaring 'n getuieniskarakter. Die afgevaardigdes getuig openlik en in die openbaar van hulle Gereformeerde geloof.

Besluit: Kennis geneem.

5. Ekumeniese vergelykings

5.1 Die Openlike Verklaring van die Christelike Gereformeerde Kerke lê, in vergelyking met die Openlike Verklaring van die GKSA, sterker klem op die noodsaak vir getuienis. Dit bevat ondermeer verwysings na teksgedeeltes soos Johannes 8:31 en Matteus 10:32. Inhoudelik is daar egter nie wesentlike verskille nie. Die Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) bevat twee aksente wat die GKSA se verklaring nie eksplisiet bevat nie. Dit beklemtoon die feit dat Christus die Enigste Hoof van die kerk is en dat kerklike vergaderings alleen besluite neem in die lig van Skrif en belydenis. Verder word verklaar dat die kerke na onderlinge eenheid in Woord en Gees sal soek en in eenheid sy stryd in die wêreld sal stry.

Besluit: Kennis geneem.

6. Sake om oor te besluit

6.1 Die huidige Openlike Verklaring bevat argaïese en toutologiese taalgebruik wat aangespreek behoort te word. Die sinne wat gebruik word is soms lank en lomp, en kan meer eenvoudig gestel word.

6.2 Die feit dat Christus die enigste Hoof van die Kerk is behoort beklemtoon te word, aangesien kerklike vergaderings die gesag van Christus bedien.

6.3 Die insluit van die beginsel van kerklike eenheid na binne, en nie net na buite nie, kan die eenheidsoekende karakter van die openlike verklaring versterk.

Besluit: Kennis geneem van 6.1 tot 6.3.

7. Herformulerings

7.1 Die begrippe wat met meer resente Afrikaanse terme vervang is, asook toutologiese begrippe wat geskrap is, is onderstreep. Sinkonstruksies wat geherformuleer is, is in skuins gedruk

OORSPRONKLIKE WEERGAWE	GEREDIGEERDE WEERGAWE
Die sinodale vergadering van die *Gereformeerde Kerke* verklaar openlik en elke lid vir homself as volg: Ons omhels van harte en met 'n goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gehou in Dordrecht in die jare 1618-19, vasgestel en uitgegee is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls of 5 Artikels teen die Remonstrante as ons Belydenis en ons beloof om dit deur die genadekrag van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte. *Ook die Liturgie deur genoemde sinode vasgestel aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens.* *Met betrekking tot die Kerkregering sal ons ons hou aan die kerkorde van bogenoemde sinode van Dordrecht soos dit gewysig is deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap. *Ons wens is om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie te onderhou*. *Mag dit die Here genadiglik behaag om sy dierbare Woord aan baie harte te heilig. Dit is die wens en bede van bogenoemde sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word* (Acta 1863:8).	Die sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verklaar openlik en elke lid vir homself soos volg: Ons glo van harte in God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom in sy Woord openbaar. Ons glo dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is en dat Hy sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Ons aanvaar met ons hele hart en 'n goeie gewete die Drie Formuliere van Eenheid wat deur die Dordtse Sinode van 1618/19 as Belydenis aanvaar is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls as ons belydenis. Ons beloof om hierdie waarheid deur die genadige leiding en verligting van die Heilige Gees volgens God se Woord te handhaaf. Ons aanvaar vir die eredienste die liturgiese beginsels en riglyne, soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht, en soos gewysig deur die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In kerkregering handhaaf ons die Dordtse kerkorde, soos aanvaar in 1618/19, en gewysig deur die Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ons verklaar as vergadering dat ons na ware onderlinge eenheid streef, en dat ons as liggaam van Christus in die wêreld vir die ware geloof getuig. Almal wat deur die genadige werking van die Heilige Gees dieselfde dierbare geloof verkry het, en dit saam met ons wil bely en handhaaf, roep ons hartlik op tot kerklike gemeenskap. Ons wens is om met alle kerkgemeenskappe wat dieselfde as ons glo en bely, die innigste geloofsgemeenskap en kerklike korrespondensie te onderhou.

	Mag die Here in sy genade gee dat baie sy Woord deur die werking van die Heilige Gees sal aanneem. Mag al die uitverkorenes geroep en as ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word. Dit is ons wens en bede.

7.2 *Motivering*

7.2.1 Die volle naam van ons kerkverband is ter wille van volledigheid ingevoeg.

7.2.2 Die verwysing na die Drie-Enige God is ingevoeg om die duidelik onderskeid tussen die Godsbegrip van die Christelike geloof en ander gelowe te onderskei.

7.2.3 Die verwysing na Christus as die Hoof van die Kerk is ingesluit omdat kerklike vergaderings die gesag van Christus bedien.

7.2.4 Die volgende argaïese begrippe in die openlike verklaring is met meer resente Afrikaanse begrippe vervang:

7.2.4.1 *omhels* – aanvaar

7.2.4.2 *Genadekrag van die Heilige Gees* – genadige leiding en verligting van die Heilige Gees volgens God se Woord. Die begrip genadekrag is argaïes en moeilik verstaanbaar. Ons meen dat die voorgestelde formulering die bedoeling meer verstaanbaar oordra.

7.2.4.3 *nodig* – roep ons op.

7.2.4.4 *betrag* – handhaaf

7.2.4.5 *broederlike gemeenskap* – geloofsgemeenskap.

7.2.4.6 *Aan baie harte te heilig* – aanneem.

7.2.5 Die volgende toutologiese begrippe is geskrap:

7.2.5.1 *37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis*

7.2.5.2 *Die Dordtse Leerreëls of vyf artikels teen die Remonstrante*

7.2.5.3 *elkeen volgens sy ampspligte*

7.2.6 Die Openlike Verklaring moet helder en duidelik wees. Die verklaring is daarom op verskeie plekke eenvoudiger en korter gestel, sonder dat die inhoud van die Openlike Verklaring verander is (vergelyk die skuinsgedrukte gedeeltes in die oorspronklike verklaring).

7.2.7 Die uitdrukking *ook die liturgie van die genoemde Sinode* is uitgebrei met *liturgiese beginsels en riglyne soos vasgestel deur die Nasionale Sinodes*. Die rede hiervoor is dat die Nasionale Sinode besluite oor die liturgie in eredienste geneem het wat uitbreidings bied op die liturgiese beginsels wat die Sinode van Dordrecht vasgestel het (vgl Acta 1997:731-768).

7.2.8 Die uitdrukking [*Ons verklaar as vergadering dat ons na ware onderlinge eenheid streef, en dat ons as liggaam van Christus in die wêreld vir die ware geloof getuig*] is bygevoeg om die openlike verklaring se getuieniskarakter en eenheidsoekende karakter na binne te versterk.

7.2.9 Die begrippe *uitverkorenes* en *ware gelowiges* in die laaste paragraaf is vatbaar vir misverstand omdat die indruk gelaat kan word dat nie alle uitverkorenes ware gelowiges is nie. Die sinsnede is geherformuleer om die oorspronklike bedoeling duideliker verstaanbaar te maak.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge. Die Openlike Verklaring wat in die ander tale wat in die GKSA gebruik word, vertaal moet word en vir afhandeling na die te benoemde Deputate verwys word.